LAERSKOOL STELLENBOSCH

BELEID: SONBEWUSTHEID

Skole speel ‘n belangrike rol in die bewusmaking van “sonveiligheid” . Leerders spandeer die grootste en ook die warmste deel van die dag by die skool en op die sportveld. Daarom is dit belangrik om van die skool se kant af leerders op te voed en bewus te maak daarvan.

1. HOED/PET/SONSKERM

1.1 Leerders word aangemoedig om elke dag ‘n hoed of pet by die skool hê wat duidelik met hul naam gemerk is.
1.2 Die leerders word aangemoedig om ‘n SPF 30 of hoër, **voor** skool aan te wend. Hul word ook aangemoedig om sonskerm in te pak en weer aan te wend voor middagsport begin.
1.3 ‘n Hoed of pet is **verpligtend** tydens buite aktiwiteite bv. sport.
1.4 Leerders moet ‘n pet of hoed van Laerskool Stellenbosch dra. Pette en hoede word by die Klerebank aangehou.

2. KOELTES

2.1 Daar sal strukture opgerig word vir voldoende koeltes op die speelgrond of daar waar leerders buite bymekaar kom.

2.2 Koeltes kan tydelike of permanente strukture wees.

3. BELANGRIK

3.1 Onderwysers moet ‘n voorbeeld en rolmodel vir leerders wees. Hulle moet self ‘n hoed en sonskerm dra en ook koeltes opsoek.
3.2 Onderwysers moet kinders gereeld herinner en aanmoedig om ‘n hoed en sonskerm aan te sit voordat hul aan buite aktiwiteit of sport deelneem.
3.3 ‘n Algemene bewusmaking van die son en die skade wat dit aan ons velle kan aanrig is belangrik en moet van Pre-primêr af beklemtoon word.

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 25 FEBRUARIE 2010 24 JUNIE 2021



_____ _____

VOORSITTER SEKRETARESSE

_____ SKOOLHOOF